


THE PROVINCE OF
GAUTENG



DIE PROVINSIE
GAUTENG

Provincial Gazette Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: R2,50
Other countries • Buitelands: R3,25

RD

Vol. 4

PRETORIA, 1 JULY 1998
JULIE

No. 503

Which includes / Waarby ingesluit is—

A

PROCLAMATIONS

PROKLAMASIES

PREMIER'S NOTICES

PREMIERSKENNISGEWINGS

GENERAL NOTICES

ALGEMENE KENNISGEWINGS

B

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES **PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWINGS**

TENDERS

TENDERS

GAUTENG PROVINCIAL GAZETTE

TARIFFS FOR 1998

Effective from 1 April 1998

Subscribers:

- ☐ South Africa—R135,00 for 52 issues.
- ☐ Foreign countries—R167,00 for 52 issues.
- ☐ Payable strictly in advance, renewal only on receipt of payment.
- ☐ All cheques payable to the Gauteng Provincial Government.
- ☐ Distribution through mail.

Sales per issue:

- ☐ South Africa—R2,50 per issue.
- ☐ Foreign countries—R3,25 per issue.

Placing of advertisements:

- ☐ Initial and repeats: R125,00 per unit (one unit = 5 cm double column).
- ☐ Reprints: R2,00 per page.

Contact numbers and addresses:

Account/subscription inquiries:

Tel: (011) 355-6238
E-mail: Theaa@gpg.gov.za
Fax: (011) 834-1522
Postal address: Private Bag X61, MARSHALLTOWN, 2107

Placement of advertisements/publication inquiries and sales:

Tel: (012) 303-2955
E-mail: Provincialg@gpg.gov.za
Fax: (012) 323-7123
Postal address: Private Bag X89, PRETORIA, 0001
Physical address: 12th Floor, Gauteng Provincial Government Building, corner of Bosman and Pretorius Streets, PRETORIA

*In order for us to render an improved service to you, the client, any suggestions will be appreciated.
Send your suggestions to the addresses specified under Account/subscription inquiries*

Gauteng Provincial Gazette issued by the Department of Corporate Services as commissioned by the
Director-General: Gauteng Provincial Government

V. MNTAMBO, Head: Corporate Services

CONDITIONS FOR PUBLICATION VOORWAARDES VIR PUBLIKASIE

CLOSING TIMES FOR THE ACCEPTANCE OF NOTICES

1. The *Provincial Gazette* is published every week on Wednesdays and the closing time for the acceptance of notices which have to appear in the *Provincial Gazette* on any particular Wednesday, is **10:00 on the Tuesday two weeks before the Gazette is released.** Should any Wednesday coincide with a public holiday, the date of publication of the *Provincial Gazette* and the closing time of the acceptance of notices will be published in the *Provincial Gazette*, from time to time.

2. (1) Copy of notices received after closing time will be held over for publication in the next *Provincial Gazette*.

(2) Amendment or changes in copy of notices cannot be undertaken unless instructions are received **before 15:30 on Wednesdays one week before the Gazette is released.**

THE GOVERNMENT PRINTER INDEMNIFIED AGAINST LIABILITY

3. The Government Printer will assume no liability in respect of—

- (1) any delay in the publication of a notice or publication of such notice on any date other than that stipulated by the advertiser;
- (2) any editing, revision, omission, typographical errors resulting from faint or indistinct copy.

LIABILITY OF ADVERTISER

4. Advertisers will be held liable for any compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Government Printer in consequence of the publication of any notice.

SLUITINGSTYIE VIR DIE AANNAME VAN KENNISGEWINGS

1. Die *Provinsiale Koerant* word weekliks op Woensdae gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Woensdag in die *Provinsiale Koerant* moet verskyn, is **10:00 op die Dinsdag twee weke voordat die Koerant vrygestel word.** Indien enige Woensdag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Provinsiale Koerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

2. (1) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing in die eersvolgende *Provinsiale Koerant*.

(2) Wysiging van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang word **voor 15:30 op Woensdae een week voordat die Koerant vrygestel word.**

VRYWARING VAN DIE STAATSDRUKKER TEEN AANSPREEKLIKHEID

3. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir—

- (1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;
- (2) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

AANSPREEKLIKHEID VAN ADVERTEERDER

4. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

COPY

5. Copy of notices must be **TYPED** on one side of the paper only and may not constitute part of any covering letter or document.

6. *All proper names and surnames must be clearly legible, surnames being underlined or typed in capital letters. In the event of a name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the notice will be republished only upon payment of the cost of a new insertion.*

PLEASE NOTE: ALL NOTICES MUST BE TYPED IN DOUBLE SPACING, HANDWRITTEN NOTICES WILL NOT BE ACCEPTED

7. *In the event of a notice being cancelled, a refund will be made only if no cost regarding the placing of the notice has been incurred by the Government Printing Works.*

PROOF OF PUBLICATION

8. Copies of the *Provincial Gazette* which may be required as proof of publication may be ordered from the Gauteng Provincial Administration at the ruling price. The Gauteng Provincial Administration will assume no liability for any failure to post such *Provincial Gazette(s)* or for any delay in dispatching it/them.

KOPIE

5. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier **GETIK** wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

6. *Alle eiename en familiename moet duidelik leesbaar wees en familiename moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.*

LET WEL: ALLE KENNISGEWINGS MOET GETIK WEES IN DUBBELSPASIËRING, HANDGESKREWE KENNISGEWINGS SAL NIE AANVAAR WORD NIE.

7. *By kansellasië van 'n kennisgewing sal terugbetaling van gelde slegs geskied indien die Staatsdrukkery geen koste met betrekking tot die plasing van die kennisgewing aangegaan het nie.*

BEWYS VAN PUBLIKASIE

8. Eksemplare van die *Provinsiale Koerant* wat nodig mag wees ter bewys van publikasie van 'n kennisgewing kan teen die heersende verkoopprijs van die Gauteng Provinsiale Administrasie bestel word. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir die versuim om sodanige *Provinsiale Koerant(e)* te pos of vir vertraging in die versending daarvan nie.

Please Note

From now on applications for township establishment etc. which were previously published as a *Provincial Gazette Extraordinary*, will be published in the ordinary weekly *Provincial Gazette* appearing on Wednesdays.

Neem kennis

Voortaan sal aansoeke om dorpsstigting ens. wat voorheen as 'n *Buitengewone Provinsiale Koerant* gepubliseer was, in die gewone weeklikse *Provinsiale Koerant* op Woensdae verskyn.

GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 1357 OF 1998

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, Jacobus Cornelis Nieuwoudt, being the authorised agent of the owner of the Remaining Extent of Portion 1 of Erf 964, Pretoria North, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme in operation known as the Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the aforementioned erf situated at 525 Rachel de Beer Street, from Special for a dwelling-house office and/or dwelling-house to Special for the purposes of offices and ancillary storage areas, subject to certain conditions (a proposed Annexure B).

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development Department, Land-use Rights Division, Munitoria Building, Fourth Floor, c/r Van Der Walt- and Vermeulen Street, Pretoria, for a period of 28 days from 24 June 1998.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Executive Director at the above address or at PO Box 3242, Pretoria, 0001 within a period of 28 days from 24 June 1998.

Address of Agent: PO Box 1831, Groenkloof, 0027.

KENNISGEWING 1357 VAN 1998

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA

Ek, Jacobus Cornelis Nieuwoudt, synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Resterende gedeelte van Gedeelte 1 van Erf 964, Pretoria North, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die Pretoria-dorpsbeplanningskema, 1974, deur die hersonering van die eiendom hierin beskryf, geleë te Rachel de Beerstraat 525, vanaf Spesiaal vir 'n woonhuiskantoor en/of woonhuis tot Spesiaal vir die doeleindes van kantore met ondergeskikte en aanverwante stoorruimtes, onderworpe aan sekere voorwaardes ('n voorgestelde Bylae B).

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Munitoria Gebou, Vierde Vloer, h/v Van der Walt- en Vermeulenstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998, skriftelik by of tot die Uitvoerende Direkteur by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van Agent: Posbus 1831, Groenkloof, 0027.

17-24-1

NOTICE 1360 OF 1998

JOHANNESBURG AMENDMENT SCHEME

SCHEDULE 8

[Regulation 11 (2)]

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986)

We, Karen Burger and Associates, being the authorised agents of the owner of Erf 1542 Lenasia South hereby give notice in terms of section 56(1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Southern Metropolitan Local Authority for the amendment of the town-planning scheme known as Lenasia South-East Town-planning Scheme, 1994, by the rezoning of the property described above, situated at No 1542 Starling Street, the north-eastern corner it's intersection with Herron Crescent, Lenasia South, from "Residential 1 (s), one dwelling per erf" to "Residential 1, permitting medical consulting rooms as a primary right subject to conditions."

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the offices of the Executive Officer: Urban Development, Fourth Floor, B Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of 28 days from 24 June 1998.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Executive Officer: Urban Development at the above address or at P O Box 30848, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 24 June 1998.

Address of owner: C/o Karen Burger and Associates, P O Box 340, Melville, 2109.

KENNISGEWING 1360 VAN 1998

JOHANNESBURG-WYSIGINGSKEMA

BYLAE 8

[Regulasie 11 (2)]

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPS-BEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986)

Ons, Karen Burger en Genote, synde die gemagtigde agente van die eienaar van Erf 1542, Lenasia Suid, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ons by die Suidelike Metropolitaanse Plaaslike Bestuur aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Lenasia Suid-Oos Dorpsbeplanningskema, 1994, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Starlingstraat 1542, die noord-oostelike hoek van sy interseksie met Herron Crescent, Lenasia Suid, van "Residensieel 1 (s), een woonhuis per erf" na "Residensieel 1, plus mediese spreekkamers as 'n primêre reg, onderworpe aan sekere voorwaardes."

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Beampte: Stedelike Ontwikkeling, Vierde Verdieping, B Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, Johannesburg, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die Uitvoerende Beampte: Stedelike Ontwikkeling by bovermelde adres of by Posbus 30848, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: P.a. Karen Burger en Genote, Posbus 340, Melville, 2109.

17-24-1

NOTICE 1361 OF 1998**ROODEPOORT AMENDMENT SCHEME 1462**

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE No. 15 OF 1986)

I, Petrus Lafras van der Walt, being the authorised agent of the owner(s) of the Erf 237, Helderkrui Township, Registration Division IQ, Province of Gauteng, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Western Metropolitan Local Council for the amendment of the Roodepoort Town-planning Scheme, 1987, by the rezoning of the property described above, situated on the corner of Mimosa Street, Ruhamah Drive and Ria Street, Helderkrui Township, from "Residential 3" to "Business 4" including for the purposes of a medical clinic, institution, consulting rooms, office, gymnasium and uses incidental thereto and with the special consent of the Local Council for special uses.

Particulars of the application are open for inspection during normal office hours at the inquiries counter of the Western Metropolitan Local Council: Housing and Urbanization, Ground Floor, 9 Madelain Street, Florida.

Objections to or representations of the application must be lodged with or made in writing to the Head: Housing and Urbanization at the above address or at Private Bag X30, Roodepoort, 1725, within a period of 28 days from 24 June 1998.

Address of authorized agent: Conradie, Van der Walt & Associates, P.O. Box 243, Florida, 1710. Tel. (011) 472-1727/8.

KENNISGEWING 1361 VAN 1998**ROODEPOORT-WYSIGINGSKEMA 1462**

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPS-BEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE No. 15 VAN 1986)

Ek, Petrus Lafras van der Walt, synde die gemagtigde agent van die eienaar(s) van die Erf 237, Helderkrui-dorpsgebied, Registrasieafdeling IQ, Gauteng provinsie, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad aansoek gedoen het om die wysiging van die Roodepoort-dorpsbeplanningskema, 1987, deur die herosenering van die eiendom hierbo beskryf, geleë op die hoek van Mimosastraat, Ruhamahrylaan en Riastraat, Helderkrui-dorpsgebied, van "Residensieel 3" na "Besigheid 4" insluitend vir die doeleindes van 'n mediese kliniek, inrigting, spreekkamers, kantore, gimnasium en doeleindes wat daarmee verband hou en met spesiale vergunning van die Plaaslike Raad vir spesiale gebruike.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die navrae toonbank van die Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad: Behuising en Verstedeliking, Grondvloer, Madelainstraat 9, Florida.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die Hoof: Behuising en Verstedeliking, by bovermelde adres of by Privaatsak X30, Roodepoort, 1725, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: Conradie, Van der Walt & Medewerkers, Posbus 243, Florida, 1710. Tel. (011) 472-1727/8.

17-24-1

NOTICE 1370 OF 1998**SCHEDULE 8**

[Regulation 11(2)]

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, JOHAN HEINRICH KIESER, being the authorised agent of the owners of the remainder of erf 327, portion 1 of erf 327 and the remainder of erf 328 Hatfield hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the town-planning scheme known as the Pretoria Town-Planning Scheme, 1974 by the rezoning of the property described above, situated at the corner of Duncan Street and Park Street in Hatfield from "Special Residential" to "Special", for Public Garage subject to the conditions as set out in a proposed Annexure B.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development, Land Use Rights Division, Room 401, Fourth Floor, Munitoria Building, c/o Van der Walt Street and Vermeulen Street, Pretoria for a period of 28 days from 1 July 1998 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Director - City Planning at the above address or at P O Box 3242, Pretoria, 0001 within a period of 28 days from 1 July 1998.

Address of agent: HEINRICH KIESER TRP (SA) c/o NETPLAN P.O. Box 74677 Lynnwood Ridge 0040 Tel: (012) 3488757

KENNISGEWING 1370 VAN 1998**BYLAE 8**

[Regulasie 11(2)]

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPS-BEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

PRETORIA WYSIGINGSKEMA

Ek, JOHAN HEINRICH KIESER, synde die gemagtigde agent van die eienaars van die restant van erf 327, gedeelte 1 van erf 327 en die restant van erf 328 Hatfield gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Pretoria Dorpsbeplanningskema, 1974 deur die herosenering van die eiendom hierbo beskryf, geleë op die hoek van Duncanstraat en Parkstraat in Hatfield vanaf "Spesiale Woon" na "Spesiaal" vir Openbare Garage, onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in 'n voorgestelde Bylae B.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Grondgebruiksregte, Kamer 401, Vierde Vloer, Munitoriagebou, h/v Van der Waltstraat en Vermeulenstraat, Pretoria vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 1 Julie 1998 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 1 Julie 1998 skriftelik by of tot die Direkteur - Stedelike Beplanning by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001 ingedien of gerig word.

Adres van agent: HEINRICH KIESER SS(SA) p/a NETPLAN Posbus 74677 Lynnwoodrif 0040 Tel: (012) 3488757

24-1-8

NOTICE 1374 OF 1998

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

We, Planpractice Incorporated, being the authorised agent of the owners of Erven 155 and 156 Lynnwood, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the Town-Planning Scheme known as the Pretoria Town-Planning Scheme, 1974 by the rezoning of the above-mentioned properties situated on the corner of Lynnwood and Rosemary Roads and Queens Crescent at 408 Lynnwood Road and 409 Queens Crescent from "Special Residential" to "Special" for offices subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: City Planning and Development, Division Development Control, Application Section, Room 401, Munitoria, Van der Walt Street, Pretoria for a period of 28 days from 24 June 1998.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Director at the above address or at P O Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 24 June 1998.

Address of authorised agent: Planpractice Incorporated, corner of Brooklyn Road and First Street, Menlo Park, 0081; P.O. Box 35895, Menlo Park, 0102.

NOTICE 1404 OF 1998

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5(5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT NO. 3 OF 1996)

We, Tinie Bezuidenhout and Associates, being the authorized agents of the owner, hereby give the notice in terms of section 5(5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 that we have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions contained in the Title Deed of Erf 137 Morningside Extension 10, which property is situated on the east side of West Road South (137 West Road South), Morningside Extension 10, approximately 100 metres to the north of its intersection with Berril Avenue, and the simultaneous amendment of the Sandton Town Planning Scheme, 1980, by the rezoning of the property from "Residential 1" to "Special" for the purposes of a limited services hotel, a restaurant and a conference facility, subject to certain conditions.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said local authority at the Strategic Executive Officer: Urban Planning and Development, Building 1, Ground Floor, Norwich on Grayston, cnr. Grayston Drive and Linden Street, Sandton, from 24 June 1998 until 21 July 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said local authority at its address and room number specified above or at the Strategic Executive Officer: Urban Planning and Development PO Box 584, Strathavon, 2031, on or before 21 July 1998.

Name and address of owner: C/o Tinie Bezuidenhout and Associates, PO Box 98558, Sloane Park, 2152.

Date of first publication: 24 June 1998.

Reference No.: 5907.

KENNISGEWING 1374 VAN 1998

PRETORIA WYSIGINGSKEMA

Ons Planpraktik Ingelyf, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Erve 155 en 156 Lynnwood, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ons by die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema in werking bekend as die Pretoria Dorpsbeplanningskema, 1974 deur die hersonering van bogenoemde eiendomme, geleë op die hoek van Lynnwoodweg, Rosemaryweg en Queens Crescent te Lynnwoodweg 408 en Queens Crescent 409, vanaf "Spesiale Woon" na "Spesiaal" vir kantore, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Afdeling Ontwikkelingsbeheer, Aansoek Administrasie, Kamer 401, Munitoria, Van der Waltstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die Direkteur by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien word.

Adres van gemagtigde agent: Planpraktik Ingelyf, hoek van Brooklynweg en Eerste Straat, Menlo Park, 0081; Posbus 35895, Menlo Park, 0102.

17-24-1

KENNISGEWING 1404 VAN 1998

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG OPHEFFING VAN BEPERKINGSWET, 1996 (WET NR. 3 VAN 1996)

Ons, Tinie Bezuidenhout en Medewerkers, synde die gemagtigde agente van die eienaar, gee hiermee kennis, ingevolge Artikel 5(5) van die Gauteng Opheffing van Beperkingswet, dat ons by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Bestuur aansoek gedoen het vir die opheffing van sekere voorwaardes vervat in die Titelakte van Erf 137 Morningside Uitbreiding 10 geleë aan die oostekant van West Road South (West Road South 137) Morningside Uitbreiding 10, ongeveer 100 meter noord van sy aansluiting met Berrillaan en die gelyktydige wysiging van die Sandton Dorpsbeplanningskema, 1980, deur die hersonering van die eiendom vanaf "Residensiële 1" na "Spesiaal" vir die doeleindes van 'n beperkte diens hotel, 'n restaurant- en konferensiefasiliteit, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Alle relevante dokumente van toepassing op die aansoek lê ter insae gedurende normale kantoorure by die kantoor van die genoemde plaaslike bestuur by die Strategiese Uitvoerende Beampte: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Gebou 1, Grondvloer, Norwich on Grayston, hv Graystonrylaan en Lindenstraat, Sandton, vanaf 24 Junie 1998 tot 21 Julie 1998.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die aansoek of wil verhoë rig ten opsigte van die aansoek moet sodanige besware of verhoë skriftelik by of tot die genoemde plaaslike bestuur by sy adres en kantoornummer soos hierbo gespesifiseer of die Strategiese Uitvoerende Beampte: Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Posbus 584, Strathavon, 2031 indien of rig voor of op 21 Julie 1998.

Naam en adres van eienaar: P.a. Tinie Bezuidenhout en Medewerkers, Posbus 98558, Sloane Park, 2152.

Datum van eerste publikasie: 24 Junie 1998.

Verwysings No.: 5907.

24-1

NOTICE 1405 OF 1998**ANNEXURE 3****NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT 3 OF 1996)**

I, Mario Di Cicco, being the authorised agent of the owner hereby give the notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions contained in the Title Deed of Erf 494 Parkwood which property is situated at No. 19 Bath Avenue, Parkwood and the simultaneous amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979 by the rezoning of the property from Residential 1, to Residential 1, subject to conditions in order to permit offices.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority at the Town Planning Information Counter, Norwich on Grayston Office Park, c/o Linden Street and Grayston Drive, Simba, Sandton from 24 June 1998 to 23 July 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised local authority at its address and room specified above or at the Executive Officer: Planning, Private Bag X9938, Sandton, 2146 on or before 23 July 1998.

Name and address of Agent: M. Di Cicco, P.O. Box 28741, Kensington, 2101.

Date of first publication: 24 June 1998.

NOTICE 1408 OF 1998**NOTICE IN TERMS OF SECTION 5(5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT 1996 (ACT 3 OF 1996)**

I, Gerard Ricardo Naidoo of Breda Lombard Town Planners, being the authorised agent of the owner, hereby give notice in terms of Section 5(5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions contained in the Title Deed(s) of Remaining Extent of Erf 522 Bryanston which property is situated at 42 Mandeville Road and the simultaneous amendment of the Sandton Town Planning Scheme 1980 by the rezoning of the property from:

Existing zoning: Residential 1 (one dwelling per erf) to

proposed zoning: Residential 1 (8 dwelling units per hectare - permitting subdivision into a maximum of three portions).

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Eastern Metropolitan Local Council, Strategic Executive Officer, Urban Planning and Development, Block 1, Ground Floor, Norwich-on-Grayston Office Block, cnr Grayston Drive and Linden Road, Strathavon.

From: 24 June 1998.

Until: 22 July 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised Local Authority at the abovementioned address or at Private Bag X9938, Sandton, 2146 within a period of 28 (twenty eight) days from 24 June 1998.

Address of agent: Breda Lombard Town Planners, P O Box 715, Auckland Park, 2006. Tel: (011) 482-1026. Fax: (011) 726-7672. E-mail: breda@global.co.za.

Date of first publication: 24 June 1998.

KENNISGEWING 1405 VAN 1998**BYLAE 3****KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET NO. 3 VAN 1996)**

Ek, Mario Di Cicco, synde die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee kennis in terme van artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffings van Beperkings, 1996, kennis dat ek aansoek gedoen het by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Owerheid vir die opheffing van sekere voorwaardes vervat in titelakte van Erf 494 Parkwood soos dit in die relevante dokument verskyn welke eiendom geleë is te Bathlaan No. 19 en die gelyktydige wysiging van die Johannesburg Dorpsbeplanningskema, 1979 deur die hersonering van die eiendom vanaf Residensieel 1, na Residensieel 1, onderworpe aan sekere voorwaardes ten einde kantore toe te laat.

Alle dokumente relevant tot die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure by die bogenoemde Plaaslike Owerheid se Stadsbeplanning Inligtingstoonbank te Norwich on Grayston Kantoorpark, h/v Linden Straat en Grayston Rylaan, Simba, Sandton vanaf 24 Junie 1998 tot 23 Julie 1998.

Besware teen of vertoe ten opsigte van die aansoek moet voor of op 23 Julie 1998 skriftelik by of tot die Plaaslike Owerheid by die bogenoemde adres of by die Uitvoerende Beampte: Beplanning, Privaatsak X9938, Sandton, 2146, ingedien word.

Naam en Adres van Agent: M. Di Cicco, Posbus 28741, Kensington, 2101.

Datum van eerste publikasie: 24 Junie 1998.

24-1

KENNISGEWING 1408 VAN 1998**KENNISGEWING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS 1996 (WET 3 VAN 1996)**

Ek, Gerard Ricardo Naidoo van Breda Lombard Stadsbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee kennis ingevolge Artikel 5(5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat ons aansoek gedoen het by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad vir die opheffing van sekere beperkende voorwaardes bevat in die Titelakte(s) van Restante Gedeelte van Erf 522 Bryanston wat eiendom geleë te Mandevilleweg 42 en die gelyktydige wysiging van die Sandton Dorpsbeplanningskema 1980 deur die hersonering van die eiendom(me) vanaf:

Huidige sonering: Residensieel 1 (een woonhuis per erf) tot

voorgestelde sonering: Residensieel 1 (8 wooneenhede per hektaar - onderverdeling tot 'n maksimum van drie gedeeltes).

Alle toepaslike dokumente met betrekking tot die aansoek, sal oop wees vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad te Strategiese Uitvoerende Beampte, Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Blok 1, Grondverdieping, Norwich-on-Grayston Kantoorpark, h/v Graystonlaan en Lindenweg, Strathavon.

Vanaf: 24 Junie 1998.

Tot: 22 Julie 1998.

Besware teen of vertoe ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die gevolmagtigde plaaslike owerheid by bovermelde adres of by Privaatsak X9938, Sandton, 2146 ingedien of gerig word.

Adres van agent: Breda Lombard Stadsbeplanners, Posbus 715, Auckland Park, 2006. Tel: (011) 482-1026. Faks: (011) 726-7672. E-mail: breda@global.co.za.

Datum van eerste publikasie: 24 Junie 1998.

24-1

NOTICE 1409 OF 1998

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT 1996 (ACT 3 OF 1996)

I, Gerard Ricardo Naidoo of Breda Lombard Town Planners, being the authorised agent of the owner, hereby give notice in terms of Section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Northern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions contained in the title deed(s) of Erf 109 Northcliff, which property is situated at 6 Alida Street.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Northern Metropolitan Local Council, Executive Officer, Planning and Urbanisation, 312 Kent Avenue, Ferndale, from 24 June 1998 until 22 July 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised Local Authority at the above-mentioned address or at Private Bag X1, Randburg, 2125, within a period of 28 (twenty-eight) days from: 24 June 1998.

Address of agent: Breda Lombard Town Planners, P.O. Box 715, Auckland Park, 2006. Tel. (011) 482-1026. Fax (011) 726-7672. E-mail: breda@global.co.za.

Date of first publication: 24 June 1998.

Reference No.: n/a.

NOTICE 1410 OF 1998

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT 1996 (ACT 3 OF 1996)

I, Servaas van Breda Lombard, being the authorised agent of the owner, hereby give notice in terms of Section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the removal of certain conditions contained in the title deed(s) of Remaining Extent of Erf 1976 Houghton which property is situated at 9 Ninth Street, and the simultaneous amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme 1979 by the rezoning of the property from: existing zoning: Residential 1 (one dwelling per erf) to proposed zoning: Residential 1 (offices as a primary right).

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Eastern Metropolitan Local Council, Strategic Executive Officer, Urban Planning and Development, Block 1, Ground Floor, Norwich-on-Grayston Office Block, cnr Grayston Drive and Linden Road, Strathavon, from 24 June 1998 until 22 July 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised Local Authority at the above mentioned address or at Private Bag X9938, Sandton, 2146, within a period of 28 (twenty-eight) days from 24 June 1998.

Address of agent: Breda Lombard Town Planners, P.O. Box 715, Auckland Park, 2006. Tel. (011) 482-1026. Fax (011) 726-7672. E-mail: breda@global.co.za.

Date of first publication: 24 June 1998.

Reference No.: n/a.

NOTICE 1411 OF 1998

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT 3 OF 1996)

I, Pierre Danté Moelich, of the firm Plankonsult, being the authorised agent of the owner of the Holding 64 Valley Farm, hereby give notice in terms of section 5(5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act 3 of 1996), that I have applied to the

2424303—B

KENNISGEWING 1409 VAN 1998

KENNISGEWING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996)

Ek, Gerard Ricardo Naidoo van Breda Lombard Stadsbeplanners, synde die gemagtigde agente van die eienaar, gee hiermee kennis ingevolge Artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat ons aansoek gedoen het by die Noordelike Metropolitaanse Plaaslike Raad vir die opheffing van sekere beperkende voorwaardes bevat in die Titelakte(s) van Erf 109, Northcliff, wat eiendom(me) geleë te Alidastraat 6.

Alle toepaslike dokumente met betrekking tot die aansoek, sal oop wees vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Noordelike Metropolitaanse Plaaslike Raad te Uitvoerende Beampte, Beplanning en Stedelike Ontwikkeling, Kentlaan 312, Ferndale, vanaf 24 Junie 1998 tot 22 Julie 1998.

Besware teen of versoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die gevolmagtigde plaaslike owerheid by bovermelde adres of by Privaatsak X1, Randburg, 2125, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Breda Lombard Stadsbeplanners, Posbus 715, Auckland Park, 2006. Tel. (011) 482-1026. Faks (011) 726-7672. E-mail: breda@global.co.za.

Datum van eerste publikasie: 24 Junie 1998.

Verwysing no.: n.v.t.

KENNISGEWING 1410 VAN 1998

KENNISGEWING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996)

Ek, Servaas van Breda Lombard, synde die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee kennis ingevolge Artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat ons aansoek gedoen het by die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad vir die opheffing van sekere beperkende voorwaardes bevat in die titelakte(s) van Restante Gedeelte van Erf 1976 Houghton wat eiendom geleë te Negendestraat 9, en die gelyktydige wysiging van die Johannesburg Dorpsbeplanningskema 1979 deur die hersonering van die eiendom(me) vanaf: huidige sonering: Residensieel 1 (een woonhuis per erf) tot voorgestelde sonering: Residensieel 1 (kantore as 'n primêre reg).

Alle toepaslike dokumente met betrekking tot die aansoek, sal oop wees vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Oostelike Metropolitaanse Plaaslike Raad te Strategiese Uitvoerende Beampte, Stedelike Beplanning en Ontwikkeling, Blok 1, Grondverdieping, Norwich-on-Grayston Kantoorpark, h/v Graystonlaan en Lindenweg, Strathavon, vanaf 24 Junie 1998 tot 22 Julie 1998.

Besware teen of versoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die gevolmagtigde plaaslike owerheid by bovermelde adres of by Privaatsak X9938, Sandton, 2146, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Breda Lombard Stadsbeplanners, Posbus 715, Auckland Park, 2006. Tel. (011) 482-1026. Faks (011) 726-7672. E-mail: breda@global.co.za.

Datum van eerste publikasie: 24 Junie 1998.

Verwysing no.: n.v.t.

KENNISGEWING 1411 VAN 1998

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996)

Ek, Pierre Danté Moelich, van die firma Plankonsult, synde die gemagtigde agent van die eienaar van die Hoewe 64 Valley Farm gee hiermee kennis ingevolge die bepalings van artikel 5(5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet 3 van 1996),

Town Council of Pretoria for the removal of restrictive conditions in Title Deed T49554/1989 and the simultaneous amendment of the Pretoria Town-planning Scheme, 1974 in respect of Holding 64 Valley Farm, situated at Old Farmroad from "Agricultural" to "Grouphousing" with 20 units per hectare.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of The Director: City Planning, Division Development Control, Application Section, 4th Floor, Munitoria Building, Vermeulen Street, for a period of 28 days from 24 June 1998.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Director at the above address or at P O Box 3242, Pretoria, 0001 within a period of 28 days from 24 June 1998.

Address of agent: Plankonsult, P O Box 72729, Lynnwood Ridge, 0040. Tel: (012) 803 7630. Fax: (012) 803 4064.

NOTICE 1412 OF 1998

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

Notice is hereby given in terms of Section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that Godfried Christiaan Kobus from Urban Planning Services cc, the authorised agent of the owner of the Remaining Extent of Erf 34, Eastleigh, Edenvale, applied to the Lethabong Metropolitan Local Council for:—

1. The removal of certain conditions of title of the Remaining Extent of Erf 34, Eastleigh, Edenvale, in order to permit the erf to be used for a tattersalls (totalisator), restaurant and offices.

2. The amendment of the Edenvale Town Planning Scheme, 1980, by rezoning the property described above, situated at the corner of Terrace Road and Scott Avenue, Eastleigh, from "Residential 1" with a density of 1 dwelling per 700m² to "Special" for a tattersalls (totalisator), restaurant and offices.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the offices of the Town Secretary, Municipal Offices, Room 316, Van Riebeeck Avenue, Edenvale, for a period of 28 days from 24 June 1998 (the date of first publication of the notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Town Secretary at the above address or at P.O. Box 25, Edenvale, 1610, within a period of 28 days from 24 June 1998.

Address of the Authorised Agent: Urban Planning Services cc, PO Box 2819, Edenvale, 1610. Tel: (011) 609-6078.

NOTICE 1413 OF 1998

ANNEXURE 3

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT No. 3 OF 1996)

We, Vuka Town and Regional Planners Inc., being the authorised agent of the owner, hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that we have applied to the Midrand Metropolitan Local Council for the amendment of condition B (k) contained in the title deed of Erf 333, Vorna Valley, which property is situated at Harry Galaun Road, and the simultaneous rezoning of the property from "Public Garage" to "Public Garage" including a car wash, a shop and an automatic teller machine, subject to conditions.

dat ek aansoek gedoen het by die Stadsraad van Pretoria vir die verwydering van beperkende voorwaardes in Titelakte T49554/1989 en gelyktydige wysiging van die Pretoria Dorpsbeplanningskema, 1974 ten opsigte van Hoewe 64 Valley Farm, geleë te Old Farm Weg vanaf "Landbou" tot "Groepsbehuising" teen 20 wooneenhede per hektaar.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur: Stedelike Beplanning, Afdeling Ontwikkelingsbeheer, Aansoekadministrasie, 4de Vloer, Munitoria Gebou, Vermeulenstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998.

Beswaar teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998 skriftelik by of tot die Direkteur: Stedelike Beplanning by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Plankonsult, Posbus 72729, Lynnwoodrif, 0040. Tel: (012) 803 7630. Fax: (012) 803 4064.

24-1

KENNISGEWING 1412 VAN 1998

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 5(5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, dat Godfried Christiaan Kobus van Urban Planning Services cc, synde die gemagtigde agent van die eienaars van die Resterende Gedeelte van Erf 34, Eastleigh, Edenvale aansoek gedoen het by die Lethabong Metropolitaanse Plaaslike Raad vir:—

1. Die opheffing van sekere titelvoorwaardes van die Resterende Gedeelte van Erf 34, Eastleigh, Edenvale, ten einde dit moontlik te maak om die erf te gebruik vir 'n tattersalls (totalisator), restaurant en kantore.

2. Die wysiging van die Edenvale Dorpsbeplanningskema, 1980, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë op die hoek van Terrace Weg en Scott Laan, Eastleigh, van "Residensiële 1" met 'n digtheid van 1 woonhuis per 700m² na "Spesiaal" vir 'n tattersalls (totalisator), restaurant en kantore.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Kamer 316, Van Riebeeck Laan, Edenvale, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 24 Junie 1998, skriftelik by die Stadsekretaris by bovermelde adres of by Posbus 25, Edenvale, 1610, ingedien word.

Adres van gemagtigde agent: Urban Planning Services cc, Posbus 2819, Edenvale, 1610. Tel: (011) 609-6078.

24-1

KENNISGEWING 1413 VAN 1998

BYLAE 3

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ons, Vuka Town and Regional Planners Inc., synde die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee kennis ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet No. 3 van 1996), dat ons by die Midrandse Metropolitaanse Plaaslike Raad aansoek gedoen het vir die opheffing van voorwaarde B (k) in die titelakte van Erf 333, Vorna Valley, welke eiendom geleë is te Harry Gaulaunweg, en die gelyktydige hersonering van die eiendom vanaf "Openbare Garage" na "Openbare Garage" insluitende 'n karwasfasiliteit, 'n winkel en 'n outomatiese tellermasjien, onderworpe aan voorwaardes.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority at the Town Secretary, Private Bag X20, Halfway House, 1685, or at the Municipal Offices, 16th Road, Randjespark, Midrand, from 24 June 1998 until 23 July 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof, must lodge the same in writing with the said authorised local authority at its address and room number specified above on or before 24 June 1998.

Name and address of agent: Vuka Town and Regional Planners Inc., P.O. Box 1277, Cresta, 2118. Tel. (011) 476-5958. Fax (011) 476-2188.

NOTICE 1417 OF 1998

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

AMENDMENT SCHEME

We, Tinie Bezuidenhout and Associates, being the authorised agents of the owner of Erf 369 Rembrandt Park Extension 12, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that we have applied to the Eastern Metropolitan Local Council for the amendment of the Town Planning Scheme known as Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, by the rezoning of the property described above, situated towards the western end of Caron Street, from "Residential 1" with a density of "One dwelling per Erf" and any other uses with the consent of the local authority to "Residential 3", subject to certain conditions. The effect of this application will be to allow a multi-unit residential development on the property.

The application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Strategic Executive: Urban Planning and Development, Building 1, Ground Floor, Norwich on Grayston, cnr Grayston Drive and Linden Street, Sandton, for a period of 28 days from 24 June 1998.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect of the application may submit such objections or representations, in writing, to the Strategic Executive: Urban Planning and Development at the above address or at Private Bag 9938, Sandton, 2146, within a period of 28 days from 24 June 1998.

Authorised agent: Tinie Bezuidenhout and Associates, PO Box 98558, Sloane Park, 2152.

NOTICE 1418 OF 1998

PRETORIA AMENDMENT SCHEME

I, Danie Hoffmann Booyesen, of the Town-Planning Firm Daan Booyesen Town Planners Inc. being the authorized agent of the owners of (a) Erf 3698 (now a part of the consolidated Erf 3700) Faerie Glen Extension 15 and (b) Erf 3699 (now a part of the consolidated Erf 3701) Faerie Glen Extension 15, hereby give notice in terms of section 56(1)(b)(i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City Council of Pretoria for the amendment of the Town-Planning Scheme in operation known as Pretoria Town-planning Scheme, 1974, by the rezoning of the properties described above situated (a) in Atterbury Road between Windsor Road and Selikats Causeway from "Existing Street" to "Special" for a value trade mart and (b) situated on the corner of Atterbury and Windsor Roads from "Existing Street" to "Special" for the purposes of a home improvement and decor centre.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of The City Secretary, Room 1406, Saambou Building, 227 Andries Street, Pretoria, for a period of 28 days from 24 June 1998.

Alle tersaaklike dokumente wat verband hou met die aansoek is beskikbaar vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die genoemde plaaslike owerheid te die Stadsklerk, Privaatsak X20, Halfway House, 1685, of by die Munisipale Kantore, 16de Weg, Randjespark, Midrand, vanaf 24 Junie 1998 tot 23 Julie 1998.

Enige persoon wat teen die aansoek beswaar wil maak of vertoë wil rig, moet sulke besware of vertoë skriftelik indien by die genoemde plaaslike bestuur by bogenoemde adres en kamernommer op of voor 23 Julie 1998.

Naam en adres van agent: Vuka Town and Regional Planners Inc., Posbus 1277, Cresta, 2118. Tel. (011) 476-5958. Faks (011) 476-2188.

KENNISGEWING 1417 VAN 1998

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPS-BEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

WYSIGINGSKEMA

